# LOUISA MEYBURG: HELDIN VAN DIE STAD

**H.O. Terblanche**
*Universiteit van Port Elizabeth*

## II
## Armesorgwerk

Mej. Meyburgh se diens en bydrae op die geestelike en armesorgakker was indrukwekkend en omvangryk. Vervolgens kan 'n oorsig van haar lewe en werk in die tydperk ná 1907 gegee word. Mej. Meyburgh het dwarsdeur die stad huisbesoek gedoen. Van suid na noord en wes na oos het sy Afrikanergesinne opgesoek. Die volgende stadsdele en woongebiede is gereeld (in baie gevalle weekliks) deur haar gefynkam: Humewood, Suideinde, Walmer, Sentraal, Noordeinde, Sydenham, Sidwell, Korsten, New Brighton en Kensington. Soms is Millpark, Bog Farm en Chelsea besoek. By geleentheid het sy ook in buitestedelike gebiede soos st. George's-strand en Skoenmakerskop huisbesoek gedoen.

Mej. Meyburgh was die regterhand van die leraars. Sy en die leraars het mekaar mooi aangevul wat huisbesoek betref en hulle het as 'n span saamgetrek. Vir die leraar was sy feitlik onontbeerlik. Dr. W.A. Landman, hulpleraar van Moedergemeente (1935—1937), getuig hieroor: "Sy het die gemeenskap en die behoeftiges geken. Sy het die huisgesinne beter geken as enige predikant".[30] Sy het gevolglik dikwels die taak van ouderling vervul deur saam met die leraar op huisbesoek te gaan. Sodoende kon sy help met die opspoor van gemeentelede, met die aanwys van hul huise en kon sy die leraar inlig oor die siektes en behoeftiges omdat sy op hoogte daarvan was. En saam het hulle na afgedwaaldes gesoek. Volgens ds. A.C. Stegmann, die tweede leraar, was daar g'n end aan haar nie en het sy baie vinnig gestap — sodanig dat sy skoon onder hom uitgestap het.[31]

Soms het die leraarsvrou of 'n vriendin mej. Meyburgh op haar besoeke vergesel. Sy het egter haar rondtes meestal alleen gedoen. Sy was meester in haar vak om siele te soek en het die kuns verstaan om met mense om te gaan. Die doen van huisbesoek was 'n veeleisende taak omdat die hele stad haar "wyk" was. Haar arbeidsveld het oor die hele munisipale area gestrek. Male sonder tal het mej. Meyburgh van Noordeinde (haar woning was by Geardstraat 16) na die Markplein en terug gestap. Sy het ook dikwels die afstand na Suideinde en terug te voet afgelê. Sy het die stad soos min ander geken. Hieroor vertel sy: "Ja, daar is baie min huise of strate in hierdie stad, veral in die ouer dele, wat ek verbygaan sonder dat daar herinnerings uit die verlede by my opgewek word".[32]

Sy het veral die siekes, die armes, die ou mense en nuwe intrekkers besoek. Sy moes troos en help verpleeg, sy moes nood verlig, leed versag en kinders help versorg. Sy is in die nag na ernstige siekbeddens en sterwendes ontbied. En waar daar 'n sterfgeval in 'n huis was, het sy hulp en bystand gaan verleen. Sy is ook dadelik van geboortes in kennis gestel. Sy moes dikwels op versoek na huisgesinne gaan waar daar onvrede en onenigheid tussen die huisgenote was. En was dit haar taak om vrede en versoening te bring.

30. Persoonlike onderhoud gevoer op 23 Junie 1978.
31. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P 49 1/2, p.33.
32. Die Oosterlig, 18 Februarie 1938.

Sy het die Afrikaners in die stad opgesoek, ongeag waar hulle gebly het. Sy vertel in haar dagboek onder die datum 30 Oktober 1925: "Ek was na Korsten toe, om die arme witmense daar te besoek. Ek sê witmense, omdat Korsten 'n Kafferplek is". Soms het sulke besoeke haar selfs ontnugter, want op 18 Januarie 1926 skryf sy in haar dagboek: "Ek was vanoggend uit daar onder in die slums. In elke huis waar ek was, is daar 'n treurige geskiedenis ... Die duiwel het die mense in sy mag. Mens word dikwels so mismoedig".[33]

Met haar huisbesoek het mej. Meyburgh ook die Blye Boodskap verkondig. Die volwasse lidmate het sy aangespoor om die kerkdienste en bidure by te woon. Sy het kinders opgespoor vir Sondagskool en Kinderkrans en die jongmense na die Strewersvereniging uitgenooi. Mej. Meyburgh het reguit met mense oor hul sieleheil gepraat. Dr. W.A. Landman maak juis melding van die feit dat sy sterk behoudend was en haar menings onomwonde uitgespreek het.[34] Sy het dit wat strydig was met Gods wet en gebod nooit goedgepraat nie, sonder aansien des persoons. Sy kon bestraf sonder om te vervreem. Sy het die afvalliges vermaan en die onverskilliges betig en saam met dié wat in sonde verval het, gebid. Daarom is van haar gesê: "Sy was sout wat menige lewe teen bederf bewaar het".[35]

Sy was dikwels heeldag op huisbesoek uit. Op 11 September 1925 skryf sy byvoorbeeld in haar dagboek: "Ek is vanmôre halfnege uit na Sidwell. Daar het ek heeldag huisbesoek gedoen. Ek was by 46 huisgesinne. Ek het heeldag geloop en eers halfses hier (by haar huis) aangekom. Ek was moeg en honger, want ek het agt uur laaste geëet".[36] Vir haar was hierdie geen uitsonderlike dag nie. En hierdie besoeke het sy afgelê ongeag ongunstige weersomstandighede. Beklemmende hitte, stormagtige wind, snerpende koue en modderige strate het haar nie van haar plig weerhou nie.

Dit verbaas 'n mens dat sy kon uitrig wat sy wel uitgerig het, want sy was klein van persoon, tengerig en sieklik. Sy het talle ernstige siekbeddens gehad en was altesaam nege keer in die hospitaal — soms vir weke aaneen. Sy moes ook 'n paar operasies ondergaan en na 'n baie groot operasie het haar dokters verstom gestaan oor die wonderlike manier waarop sy dit deurstaan het. Met die griep van 1918 was sy vir 'n maand só siek dat almal aan haar lewe getwyfel het. Die een siekbed het op die ander gevolg. Dit sou haar geloof beproef, maar ook versterk. "Dit was die louteringsproses vir die kind van God. Die smart en lyde, siekte en pyn het haar gelouter vir die werk van die Meester ..."[37] Tydens een van haar ernstige siekbeddens het sy opgemerk: "....was ek tog net nie so swak nie. Swakheid is baie swaarder as pyn. Maar ek weet Hy sal my weer versterk, en my weer in Sy werk herstel".[38]

By die lees van haar dagboeke val dit 'n mens op dat sy kort-kort skryf: "ek was uiters moeg; ek voel absoluut gegaan; ek het tog te sleg gevoel; ek voel tog so pap; my kragte is so min; ek het vreeslik hoofpyn; ek was só gedaan van my hart dat ek byna nie die huis gehaal het nie", ens. Sommige nagte was sy so siek (baie gehoes) dat sy min of glad nie geslaap het nie. Tog het sy die volgende dag weer 'n druk program gehad en die wêreld vol gestap. Geen wonder nie dat sy dikwels geskryf het: "nou is ek so moeg — as ek nie gaan rus nie, sal ek beswyk". Fisies was sy swak, maar geestelik enorm

33. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 17 Junie 1925 — 16 Mei 1926, P 49 1/1 (b).
34. Persoonlike onderhoud gevoer op 23 Junie 1978.
35. Moedergemeente Port Elizabeth, Halfeeufees — Gedenkboek, 1907—1957, p.13.
36. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 17 Junie 1925 — 16 Mei 1926, P 49 1/1 (b).
37. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876 — 1956, P 49 1/2, p.45.
38. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 10 Maart 1937, P 49 1/1 (e).

sterk. Dit was alleen haar geloof en Gods genade wat haar staande gehou het. Sy was waarlik 'n begenadigde Godsmens.

Mej. Meyburgh het tot 1927 (toe sy 'n klein motortjie gekry het) uitsluitlik te voet of per trem huisbesoek gedoen.[39] Dit word vertel dat die pastoriemense dikwels met mekaar geredeneer het of dit nou goedkoper is om met die trem te ry of met die voet te loop en dan die skoene weer te laat versool. Mej. Meyburgh het soms geldelike skenkings deur die pos ontvang wat vir haar geweldig baie beteken het. Op 'n dag toe sy haar laaste tremkaartjie gebruik het, het sy besef dat sy die volgende dae maar weer myle te voet sal moet aflê. By die huis aangekom, lê daar 'n brief met 'n poswissel van 5/6 daarin. En op 'n stukkie papier het die weldoener geskryf dat sy dit moet gebruik om 'n tremboekie mee te koop. Sy het die Here geloof en gedank.

Op dieselfde dag was haar skoensole dwarsdeur geloop en selfs die stukkie karton wat die stukkende plek moes toemaak was stukkend. Sy het moedeloos gevoel, want sy het nie geld gehad om haar skoene te laat versool nie. En sy het haar hart voor die Here uitgestort. Op dieselfde dag kom 'n ander brief deur die pos met 'n tjek van £5 daarin. Die V.S.B. — tak van Britstown — het dit vir haar gestuur om in haar behoeftes te voorsien. Haar hart het oorgeloop van dankbaarheid.

'n Klein motortjie ('n Citroën) is in 1927 aan mej. Meyburgh geskenk sodat sy haar werk in die gemeente des te beter kon behartig, en om dit vir haar makliker te maak. Hierdie geskenk is moontlik gemaak deur bydraes wat van oral ingestroom het nadat ds. H.A. Hanekom van Riebeeck-Oos in *De Kerkbode* van 12 Januarie 1927 daarvoor gepleit het. Hy het die werk wat mej. Meyburgh "onder ons mense" in Port Elizabeth gedoen het, geloof: "Sy werk vir 'n seer geringe besoldiging en het jare lank die werk verniet gedoen. sy is 'n ware sielsoekster, en, naar die mens gesproke, onmisbaar vir haar leraar. Trouer ondersteuner van haar predikant en sy werk sal 'n mens nie maklik vind nie".

Volgens ds. Hanekom was 'n vervoermiddel vir mej. Meyburgh 'n noodsaaklikheid: "Die suster het reeds haar gesondheid gebreek, en sonder 'n vervoermiddel sal sy dit seker nie meer lank uithou nie. Port Elizabeth is 'n grote uitgestrekte stad, en dikwels moet die suster vir myle ver stap — 8 myl heen en terug — om ons mense te gaan opsoek, en dan is dit dikwels huise waar sy niks kan geniet nie. Sy is nag en dag besig in die werk van haar Heer en Meester, en met 'n vervoermiddel sal sy veel meer kan uitrig as tot hiertoe, en met veel minder vermoeienis en afmatting". Volgens hom was omtrent £120 nodig, maar hy het gehoop dat minstens £220 sou inkom, want daar moes ook nog 'n skuilplekkie vir die motor gemaak word. En geld vir petrol was ook baie nodig. Die saak is vir hom van groot belang: "Waarlik, vir 'n edeler doel kan ons nie ons geld gee nie. Dit sal beteken ons help om die koninkryk van die Heer uit te brei en om ons eie volk op te hef".[40]

Mej. Meyburgh was oorstelp van vreugde en dankbaarheid: "Ek is soveel dank verskuldig aan die dierbare vriende en vereniginge wat my gehelp het om my motorkarretjie te betaal ... Ek is so dankbaar ... Ek het nie woorde genoeg om te gebruik nie. Ek wens net dat al die vriende my hart kan sien, soos die Here dit sien, en dan wens ek dat almal dit kon besef, wat die klein motor — 'Citroën' vir my beteken in die grote werk hier. Ek kan nou soveel meer doen sonder om my so gedaan te loop. Die karretjie

39. Die vervoermiddel van die eerste leraar, ds. Hofmeyr, was 'n trapfiets, terwyl die tweede leraar, ds. Stegmann, 'n motorfiets met 'n syspanwaentjie gebruik het.
40. De Kerkbode, 12 Januarie 1927.

is betaal. Ook is die garage betaal, wat gebou is. God is goed ... O, ek is tog te dankbaar!"[41]

Ds. F.W. Liebenberg het haar geleer om die motortjie te bestuur. Haar eerste bestuursles was op 4 Februarie 1927. Hieroor skryf sy soos volg: "Dit het baie goed gegaan. Ds. Liebenberg rekend dit was uitstekend vir die eerste dag ..." Dit het blykbaar nie altyd so voor die wind gegaan nie, want op 7 Maart skryf sy dat "die ongelukkige karretjie weer van sy koers geraak het ..." Tog het die motortjie haar groot plesier gegee, want op 20 April 1927 skryf sy: "Vanoggend was ek uit na Sidwell en Korsten na siek mense. Ek het baie lekker gery en dit was tog só heerlik om nie die ente te loop nie ..."[42] Die Citroëntjie het vir haar jarelange goeie diens gelewer.

Hospitaalbearbeiding het ook baie van haar tyd in beslag geneem. Benewens die Provinsiale Hospitaal het sy nog vier ander verpleeginrigtings in die stad gereeld besoek om "ons kerkmense" geestelik te versterk. Een nag moes mej. Meyburgh selfs om elfuur na die Provinsiale Hospitaal gaan om by 'n vrou te wees wat sterwende was. Sy kon haar pad in die donker vind omdat gaslampe die steil hoogte met sy honderde trappies verlig het.

Sy het ook dikwels siekes in die hospitaal besoek wat van ander provinsies gekom het en totaal vreemd in die stad was. Baie familiebetrekkinge van die siekes en sterwendes het ook by mej. Meyburgh troos kom soek. Indien van hierdie pasiënte wat van ver gekom het, gesterf het, was sy ook met die begrafnisreëlings behulpsaam. So was by geleentheid met 'n begrafnisplegtigheid net die man (van die afgestorwe vrou), die leraar, mej. Meyburgh en die ondernemer teenwoordig.[43]

Op 'n keer lê daar 'n meisietjie in die hospitaal. Mej. Meyburgh skryf oor haar: "... ag so uitgeteer, ek is so jammer vir haar. Sy wou my nie los nie en sê: 'Ag miss. Meyburgh sit tog hier teen my, ek het nie 'n moeder of 'n vader nie en ek is tog so sleg siek. Bid tog vir my.' Ek het toe 'n gebed vir haar gedoen en toe eers die hele hospitaal besoek. Toe het ek weer na haar gegaan en toe ek wou loop sê sy weer: 'Ag doen eers weer 'n gebed..."[44] Hierdie toneeltjie het hom ontelbare kere in die hospitaal afgespeel. Vanweë bemoeienis gemaak deur mej. Meyburgh het talle sterwendes in die hospitaal die Here gevind voordat hulle oorlede is.

Dat mej. Meyburgh respek afgedwing het, ly geen twyfel nie. By geleentheid het sy 'n ou Afrikaanse dame in een van die hospitake gaan besoek. Sy vertel hieroor die volgende, wat vir sigself spreek: "Toe ek inkom, sit sy (die N.G. lidmaat) en 'n Engelse vrou en rook. Sy het haar lam geskrik en so ongemerk die sigaret agter haar weggesteek. Dit wys tog dat dit verkeerd is (om te rook) as hulle vir 'n Christen bang is".[45]

Die geestelike welvaart van die verpleegsters het haar na aan die hart gelê. Daarom het sy Sondagaande ná kerk vir die verpleegsters dienste by die hospitaal gehou. Vanweë al die smart wat 'n mens in die hospitaal sien, het mej. Meyburgh geglo: "Die verpleegsters behoort almal kinders van die Heer te wees; dit sal 'n troos en seën wees vir die siekes".[46]

Mej. Meyburgh het ook tronkbesoek gedoen. By geleentheid het sy 'n ou vrou van 75 in die tronk gaan besoek. Sy vertel hieroor: "Ag dit is hartroerend om so 'n ou vrou-

41. De Kerkbode, 21 September 1927.
42. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 31 Mei 1926 — 19 Julie 1927, P 49 1/1(c).
43. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876 — 1956, P 49 1/2, p.22.
44. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 29 Desember 1925, P 49 1/1 (b).
45. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 4 November 1937, P 49 1/1 (e).
46. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 2 Julie 1937, P 49 1/1 (e).

mens in die tronk te sien. Wat word tog van ons volk?"[47] Haar besoeke aan die tronk het haar altyd in die hart begryp, want "dit is pynlik om sulke jong Afrikaners daar te sien ..."[48]

Private hotelle en losieshuise is ook deur haar besoek. In dié verband vertel sy die volgende: "Ek was onder andere in daardie Private Hotel, soos dit genoem word, maar ek noem dit ook 'n Ark, waarin alle soorte vergader is — 34 mense in daardie ark. O, dit is 'n aller treurigste toestand daar. Die atmosfeer is eintlik swaar en donker".[49] Daar het sy ernstig gepraat met van die afvalliges — die Afrikaanssprekendes wat van die Kerk afgedwaal het. Sy het by hulle gepleit om na die Here terug te keer en het ook 'n gebed gedoen.

Vroeër jare toe daar nog nie 'n ouetehuis in Port Elizabeth onder beheer van die N.G. Kerk was nie, moes die bejaarde Afrikaanse kerklidmate maar noodgedwonge hul toevlug na Roomse ouetehuise (onder meer die Nazareth Home) neem. Mej. Meyburgh het ook daar besoek gaan aflê en sy skryf: "Dit is so treurig, die arme ou mense daar tussen die Roomse. Hulle voel baie ontuis daar".[50]

Mej. Meyburgh het ook vir die Afrikaanse meisies wat in die fabrieke gewerk het dienste en bidure gehou. Dit was 'n groot en belangrike arbeidsveld, want hierdie dogters het 'n groot behoefte aan die Woord gehad. Baie Afrikanerjongmense wat na Port Elizabeth gekom het vanweë die talle fabrieke en baie werkgeleenthede, was genoodsaak om in die agterbuurtes te woon of kamers by Kleurlinge te huur. "Met weemoed moet die plaaslike Afrikaners voortdurend aanskou hoe die kinders van hul ras blootgestel is aan allerhande denasionaliserende gevare en dikwels aan verval weens gebrek aan goeie en liefdevolle versorging, voorligting en leiding".[51]

Ds. D.L. Steijl van Port Elizabeth-Sentraal het op die Sinodesitting van 1945 verklaar dat 36 persent van die dogters wat in fabrieke in Port Elizabeth gewerk het, nie in hul ouerhuis gewoon het nie. Daar was ongeveer 2 300 Afrikaanssprekende dogters in die fabrieke in Port Elizabeth en dit beteken dat meer as 800 Afrikanerdogters, wat meestal van die platteland kom, nie in 'n ouerhuis gewoon het nie.[52] Geen wonder dat mej. Meyburgh haar oor die sieleheil van dié dogters ontferm het nie.

Mej. Meyburgh het by 'n hele paar fabrieke, veral skoenfabrieke, dienste en bidure vir die Afrikaanse meisies gehou. In die eerste week van Maart 1926 was sy byvoorbeeld by drie verskillende fabrieke. By die een het daar omtrent 'n honderd meisies gewerk, waarvan die meeste van die N.G. Kerk was en by 'n ander was daar 27 "van ons kerkmeisies". Mej. Meyburgh het haar dienste vir die fabriekswerksters gewoonlik oor die etensuur gehou.

Daarbenewens het mej. Meyburgh weekliks (elke Dinsdag) vir die Afrikaanse dogters in die Reddingshuis van die Heilsleër 'n diens gehou. Die "arme gevalle meisies" in hierdie tehuis vir ongehude moeders het haar in die hart gegryp. Volgens mej. Meyburgh weet die wêreld maar min van die smart en hartseer wat in dié tehuise ondervind word. "Hoe moet ons as Afrikanervolk ook die Heilsleër dank wat so 'n hawe

47. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 20 Augustus 1924, P 49 1/1 (a).
48. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 17 Mei 1927, P 49 1/1 (c).
49. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 25 Oktober 1937, P 49 1/1 (e).
50. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 11 Junie 1937, P 49 1/1 (e).
51. Die Oosterlig, 24 Februarie 1939.
52. H.O. Terblanche: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth — 'n Historiese Oorsig van die Eerste Halfeeu, 1907 — 1957 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UPE, 1973), p.317.

vir hulpeloses daargestel het, vóór ons as Kerk en volk self vir ons eie ongelukkiges gesorg het".[53]

Mej. Meyburgh het die gevalle dogters nie alleen in tehuise opgesoek nie; sy het hulle ook in die agterbuurtes van die stad opgespoor. En sy het haar ontferm oor die Afrikanerdogters wat op straat beland het en 'n ontugtige lewe gevoer het. Ook aan hulle het sy die Boodskap van Redding gebring.

Haar huis by Geardstraat 16, Noordeinde, was 'n ware toevlugsoord vir die behoeftige Afrikaner — veral gedurende die ontwrigtende depressiejare, maar ook daarvoor en daarna. Omdat mej. Meyburgh se verblyf van 56 jaar in Port Elizabeth saamgeval het met die stadwaartse trek van die Afrikaner, was haar woning vir die behoeftiges 'n plek waar hulle hulp, beskerming en veiligheid kom soek het, en was dit haar taak om te help, te bemoedig en te vertroos. Sy het die armes opgebeur en deur woord en daad bygestaan. En sy kon dit doen, want volgens dr. W.A. Landman was sy "'n buitengewone persoon, met 'n sterk persoonlikheid en 'n groot hart".[54]

Die armes het by haar huis kom aalmoese vra. Hulle het kos, klere (veral doopklere) en komberse kom bedel. En hulle het kom geld vra vir huishuur. Hulle het ook na haar gekom om hulle kosbriefies te kry. Die armes het van oor die hele stad gekom. Dit was veral die geval tydens die twintiger- en dertigerjare. Om 'n voorbeeld te gee: die oggend van 20 April 1929 het by haar om hulp kom aanklop armes van Korsten, Noordeinde, Sidwell en Mount Pleasant.[55]

Die armes het soggens vroeg reeds kom bedel, selfs nog voor dit lig was. Male sonder tal noem sy in haar dagboek gevalle waar die armes kom bedel het terwyl dit nog donker was. En om hierdie rede was sy genoodsaak om in die reël soggens baie vroeg op te staan — soms so vroeg as drie-uur. Dan het sy haar skryfwerk gedoen, huis skoon gemaak, stiltetyd gehou en gebad. Haar stiltetyd soggens vroeg was die kragbron in haar lewe. Omdat die armes soggens donker reeds by haar was, het sy meermale in haar dagboek geskryf: "... die arme mense hou my só op, ek kon nie vorder nie ...; ek kon byna nie al my draaie kry nie; hier was al arme mense nog voor ek my stille-uur had". En op 27 Mei skryf sy: "Dit was weer 'n rekord dag vir die armes. Ek onthou nie eers al die name nie".[56]

Armoede onder die Afrikaners in Port Elizabeth het reeds 'n dekade of twee vóór die depressie van die dertigerjare groot afmetings aangeneem. Die latere bekende volksman, dr. N.J. van der Merwe, het as jong proponent 'n rukkie as predikant in Port Elizabeth waargeneem, en wel vanaf einde November 1914 tot Januarie 1915. Op 26 November 1914 skryf hy aan sy toekomstige vrou: "O, die verskriklike armoede en treurigheid wat ek vandag gesien het en waarvan ek gehoor het, is genoeg om 'n taamlike biblioteek van treurspelle en treurromans te vul. Soveel trane, soveel nood en ellende! ... Ek het geen idee gehad dat Port Elizabeth soveel arm mense het en dat soveel van hulle Hollandssprekendes is nie ... Ek wens ek kon jou by 'n paar huise gebring het net om te sien wat 'n moeder kan ly ..."[57]

Oor die armes wat Port Elizabeth ingestroom het, het mej. Meyburgh veel te verhaal gehad. Sy vertel van 'n arm weduwee met ses kindertjies wat van Willowmore af gekom het om haar in die stad te vestig. En sy voeg dan by: "Ons het dit so moeilik

53. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876 — 1956, P 49 1/2, p.28.
54. Persoonlike onderhoud gevoer op 23 Junie 1978.
55. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 20 April 1929, P 49 1/1 (d).
56. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 27 Mei 1929, P 49 1/1 (d).
57. G.D. Scholtz: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888—1940, p.41.

met al die armes wat so instroom".[58] Na aanleiding van vier vrouens wat by haar om hulp aangeklop het, sê sy: "Dit is vrouens wat mans het wat ons moet kos gee. So treurig — meeste is dit mans wat drink of nie wil werk nie. So gaan dit elke dag".[59]

By geleentheid was mej. Meyburgh baie siek — sy het 'n kwaai griepaanval gehad. Dit het onafgebroke gereën, sy was alleen en daar was niemand om vir haar medisyne te gaan haal nie. Sy moes maar die nag deur sukkel sonder medisyne. Sy vervolg: "So in die reent was hier 'n paar arme mense. Dan klop hulle sonder ophou, sodat ek verplig was om so diek uit die bed op te staan om hulle te help".[60]

Die feit dat die armes so graag gebedel het en so afhanklik van ander se hulp was, het mej. Meyburgh soms teen die bors gestuit. Na aanleiding van 'n arm vrou wat 'n kombers kom vra het, skryf mej. Meyburgh: "Dit is bitter as mens sien die arme mense kry koud. En dit is nog swaarder as dié klas mense nooit vorentoe kom in die lewe nie. Hulle wil net altyd ontvang en nooit probeer om selfstandig te word nie. Wat sal van hulle word as ons nie help nie? Ek wonder".[61]

Soms het die arm vrouens ook hul kinders gestuur om te kom bedel. Teen hierdie praktyk het sy haar sterk uitgespreek: "... Die arme mense wat so baie bedel en hulle kindertjies leer om dieselfde te doen, en nog meer om leuens te vertel. Hulle stuur die kind met 'n briefie, skryf hulle is siek, en al die tyd staan hulle hier onder in die straat. Ag, as ons ou volkie maar die waarheid lief het, maar dit is een van die toenemende sondes, saam met die vreeslike aanwensel om só te bedel".[62]

Wat die armesorgwerk betref wat mej. Meyburgh onder haar minderbevoorregte volksgenote gedoen het, dien daarop gelet te word dat sy geen opgeleide maatskaplike werkster was nie. Die N.G. Kerk se maatskaplike sorg word gesteun deur die kragtige beginsel "die siel van alle opheffing is die opheffing van die siel".[63] Mej. Meyburgh het steeds ooreenkomstig hierdie fundamentele beginsel haar taak benader, in teorie en in praktyk. Die sieleheil van die behoeftiges het by haar veel swaarder geweeg as blote materiële hulpverlening. Daarom het sy met die armes wat kom bedel het oor hulle siele gepraat.

By geleentheid van 'n Kerklike Armesorgkonferensie het ds. D.L. Steijl van Port Elizabeth-Sentraal getuig "dat sy ondervinding is dat as jy die arme persoon kan terugbring na die Kerk, sy probleem vir driekwart opgelos is".[64] Mej. Meyburgh het heelhartig hieraan geglo en in die praktyk daaraan uitvoering gegee. Hierdie siening van ds. Steijl het sy honderd persent gedeel en dit was steeds die uitgangspunt van haar armesorgwerk.

Menige verarmde Afrikaner wat sy toevlug na die stad geneem het, het soos 'n verdwaasde daar aangeland, sonder huisvesting of werk. En feitlik niemand het 'n ambag geken nie. Vir die doodarmes, wat maar net met 'n bondeltjie besittings die stad binnegetrek het, was mej. Meyburgh se woning soos 'n oasis. Sy het vir die nuwe intrekkers werk help soek. Sy het ook as huisagent opgetree en het vir die nuwe inkomelinge 'n woonplek help soek. Daarbenewens het sy ook nog die funksie van

58. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 8 Junie 1929, P 49 1/1 (d).
59. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 13 Junie 1930, P 49 1/1 (d).
60. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 6 Augustus 1924, P 49 1/1 (a).
61. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 3 Junie 1937, P. 49 1/1 (e).
62. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 6 Junie 1927, P 49/1/1(c).
63. L.L.N. Botha: Die Maatskaplike Sorg van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, 1928—1953, p.35.
64. Verslag van die Kerklike Armesorg-Konferensie, Kimberley, 6 en 7 Oktober 1934, p.18.

huurmotorbestuurder vervul, want sy moes dikwels met haar motortjie mense na en van die stasie vervoer.

Haar huis was ook 'n gesogte kuierplek vir besoekers van elders. Predikante en hul gades wat op besoek aan die Baai was, het gereeld by haar kom inloer. 'n Besoek aan die Baai het vir hulle beteken 'n besoek aan mej. Meyburgh. Onder die kuiergaste wat sy in 1926 en 1927 aan huis ontvang het, was ook bekende kerklikes soos dr. N.J. van der Merwe en George Daneel.

Wat die verenigingslewe betref, het mej. Meyburgh ook 'n besondere groot rol daarin gespeel. Daar is reeds op gewys dat sy in die jaar 1900 met 'n Sondagskoolklas begin het en dat sy die eerste takke van die Strewersvereniging en die Kinderkrans onderskeidelik in 1903 en 1905 gestig het. Sy het in 1908 in die noordelike wyke, in Sidwell, ook die Kinderkrans aldaar in die lewe geroep.[65] Mej. Meyburgh was vyftig jaar lank aktief gemoeid met Sondagskoolwerk. Sy het nie alleen Sondagskool gehou nie, maar het voor die stigting van die gemeente ook as hoof van die Sondagskool opgetree. Sedert die totstandkoming van die gemeente het sy ononderbroke as sekretaresse van die sondagskool opgetree. Sy moes haar egter in 1952 weens swak gesondheid onttrek. Die Strewersvereniging en die Kinderkrans het haar baie na aan die hart gelê en was van haar geseëndste werkkringe. Een van die Strewerstakke het trouens ook later haar naam gedra.

Van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging wat op 28 Mei 1910 gestig is, was mej. Meyburgh die eerste presidente. Sy was 'n werkster sonder weerga en het hierdie liggaam, die ACVV-tak van die Moedergemeente, baie jare lank as vise-presidente gedien. En van die Vrouesendingbond wat op 1 Junie 1919 gestig is, was sy die eerste vise-presidente. Sy was nie alleen vir baie jare die vise-presidente nie, maar sy kon ook vir minstens agt jaar as leidster van die VSB haar invloed laat geld.[66] Alhoewel mej. Meyburgh geen opleiding as sendingwerkster gehad het nie, is sy tóg deur die Hoofbestuur van die VSB as een van sy werksters in Port Elizabeth aangestel. En sy sou dit bly tot haar aftrede in 1940. "Sy was 'n werkster duisend wat siele kon inbring".[67]

Mej. Meyburgh het op 24 Julie 1924 'n tak van die Medesendingarbeidsters in die gemeente gestig. Sy het vanaf die stigting as presidente van die MSA opgetree en het in 1940 die ere-presidente geword. Sy het aan hierdie vereniging onvergeetlike dienste gelewer. Mej. Meyburgh was ook 'n steunpilaar in die kerkkoor. Sy was omtrent vyftig jaar lank 'n koorlid en sy het ook gehelp met die afrigting van kinderkore vir konserte.

Mej. Meyburgh het elke dag voluit geleef en dit ten volle benut. Sy was buitengewoon besig in diens van haar Heer en medemens. Kyk 'n mens na haar bedrywighede dan is dit moeilik om te glo dat één persoon dit álles kon behartig. Die jaar 1929 kan as voorbeeld geneem word. Vir haar was dit 'n doodgewone jaar. Benewens die feit dat sy dwarsdeur die stad huisbesoek gedoen het, hospitale, die tronk, private hotelle en ouetehuise besoek het, en dat sy dienste vir verpleegsters, fabriekswerksters en ongehude moeders gehou het, het sy 'n vol program gehad wat die verenigingslewe en sustersbidure betref.

Sy het sustersbidure gelei in die kerkgebou of in haar huis, by die "Showyard" (in Sydenham), in Korsten en in Sidwell. Daarbenewens het sy die weeklikse gemeentelike biduur bygewoon. Sy het leiding geneem by die Kinderkrans en die Strewers-

65. N.G. Kerk P.E.-Noord, Kwarteeufees-gedenkboek, 1933 – 1959, p.17.
66. Die Oosterlig, 1 Desember 1950.
67. Moedergemeente Port Elizabeth, Halfeeufees — Gedenkboek, 1907 – 1957, p. 11.

vereniging. Sy was ook gemoeid met die Strewers in Sidwell. Sy was intiem betrokke by die VSB en die MSA, wat bestuursvergaderings en gewone byeenkomste betref. Sy het die kooroefening bygewoon en sy was intens gemoeid met pieknieks, basaars, konserte en kollektebussies.

Vanweë al die besoekers en kuiergaste wat by haar kom inloer het, was sy verplig om haar skryfwerk insake die verenigings en die Sondagskool (soos die opstel van verslae, die invul van vorms, die deurgaan van Sondagskoolboeke en finansiële state ens.) gedurende die nag of soggens vroeg te doen. Gedurende die dag het sy eenvoudig nie die tyd gehad om haar skryfwerk te doen nie — daarvoor het die armes en ander besoekers gesorg. Na een so 'n dag waarop daar gedurig aan haar deur geklop is, skryf sy: "So gaan dit elke dag met my; ek kan onmoontlik nie my werk doen nie; dit is darem te erg ..."[68] By geleentheid toe sy die Sondagskoolbesoeke van die verskillende klasse kontroleer, het sy op 'n paar foute afgekom. Haar kommentaar: "Ai, ek moet vir almal dink. Ek wonder as ek wegval wie sal dink, en reg kom".[69]

Mej. Meyburgh se woning was soos 'n miernes — daar was nooit stilstand nie. Dit het ook gedien as 'n sentrum vir kerklike bedrywighede, want die verenigings waarmee sy gemoeid was, se vergaderings en byeenkomste is dikwels by haar aan huis gehou. Toneelrepetisies en konsertoefeninge is ook soms in haar huis gehou. Haar woning was die geestelike kern van die gemeentelike lewe en kerklike werksaamhede.

Mej. Meyburgh (of soos sy ook bekend gestaan het "miss" Meyburgh of "auntie" Meyburgh) was letterlik nóóit ledig nie. Daarom dat sy ook opgemerk het: "Ag, my ou lewe is maar baie gejaag ... Ek is maar die ou pak-os vir alles, maar ek dank my Meester dat ek dit kan wees en doen".[70] Soms het dit so dol gegaan dat sy nie anders kon nie as om op te merk: "My senuwees voel so vreeslik. Dit is asof my hele liggaam beef". Hierdie opmerking verbaas glad nie, veral as in ag geneem word hoeveel sy gedoen het en hoe min sy gerus het.

Sy het haar medemens innig liefgehad. Sy het hom nie net besoek en bygestaan nie, maar ook vir hom gebid. Want agterin sommige van haar dagboeke verskyn 'n gebedslys — dit is lyste name van siekes wat 'n lang lyding het, van ou mense en blindes, veral dié wat nie meer kerk toe kan gaan nie. Vir hulle het sy gereeld voorbidding gedoen. In 'n sekere sin het sy ook die funksie van 'n sensusopnemer vervul, want agterin een van haar dagboeke is daar ook 'n lys van sterfgevalle en geboortes.

Mej. Meyburgh het in Februarie 1940 op 63-jarige leeftyd amptelik uit die diens van die Kerk en die VSB getree. Sy het toe 'n VSB-werksterspensioen ontvang. Met haar aftrede het sy genoem dat sy nog in die gemeente wou aanbly en graag nog wou werk. Daarom het sy haar dienste verder tot die beskikking van die kerkraad en die verskillende verenigings gestel en hulle gevra om haar te gebruik wanneer sy van diens kon wees. Die gevolg was dat sy ná haar "aftrede" feitlik net so aktief was as daarvoor. Ná 1940 was sy nog steeds by al die verenigings betrokke, dog meer 'n in raadgewende hoedanigheid. Toe daar einde 1950 weer aan haar hulde gebring is, is juis gemeld dat sy nog buitengewoon bedrywig was vir 'n persoon van haar ouderdom. Sy was toe al 74 jaar oud en het die byeenkomste en vergaderings van die verskillende verenigings gereeld bygewoon, en boonop was sy nog op haar pos in die Sondagskool en kerkkoor.

Teen die einde van haar lewe was haar grootste ideaal om die kerkskuld van die

68. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 19 Julie 1926, P 49 1/1 (c).
69. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 21 Januarie 1926, P 49 1/1 (b).
70. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 9 Januarie 1938, P 49/1/1 (e).

Moedergemeente (vanweë die herbouing en vergroting van die kerkgebou) afbetaal te kry. Sy het hard gewerk om geld in te samel en het elke skulddelgingspoging daadwerklik ondersteun. Met basaars en tiekie-aande was sy feitlik onmisbaar en 'n ware staatmaker. Wanneer daar gebak moes word om die kerkfonds te sterk was sy 'n steunpilaar. Maar benewens al hierdie verpligtinge "is die saalkombuis haar kleinood. Daar was "auntie" Meyburgh die alleenheerser. Dit is sy wat al die jare die breekgoed in die kombuiskaste soos stukkies goud bewaak. Dit is ook sy wat gereeld voor en na 'n funksie die nodige breekgoed uitpak, tel en weer wegpak".[71]

Mej. Meyburgh het nie alleen geestelike en maatskaplike werk onder haar geloofs- en volksgenote gedoen nie, maar sy het haar ook onderskei as ywerige sendingwerkster. By al haar honderd-en-een deugde en werke was sy ook 'n sendingpionier. Sy het in Southstraat, Noordeinde vir Kleurlinge en Bantoes dienste en bidure gehou in 'n ou plankkerkie. Garage-sendingdienste is ook deur haar in Sydenham en Sidwell gehou. By geleentheid het sy ook geestelike werk onder Kleurlinge in Suideinde gedoen.

Sy het vir die sending gelewe en gewerk. Vanweë haar diepe betrokkenheid by die VSB en MSA en sy die saak van die sending heelhartig gesteun en voortdurend bepleit. Sy het ook altyd op die hoogte gebly van toestande in die sendingvelde. Haar vreugde was groot wanneer die sendingbussies groot bedrae opgelewer het. "Haar standpunt vir die sending het sy met beslistheid ingeneem en met moedigheid verdedig", aldus eerw. J.L. Strydom van die N.G. Bantoegemeente, Port Elizabeth.[72]

Eerw. Strydom vertel ook die volgende oor mej. Meyburgh: "Terwyl sy al swak was, het ons daar besoek afgelê. Ons kon sien die skof is agter die rug — die hande en gesig verrimpeld, die asem hygend en die kraggies min. Maar uit haar wese het 'n besielende gloed uitgegaan wat ons diep geraak het .... Toe sy verneem van ons Bantoegemeente se basaar, sê sy: 'Gee tog vir my 'n lys, eerwaarde.' Wat! Tannie Meyburgh 'n lys? Maar dit kán mos nie. 'Nee eerwaarde, gee maar'. Die hand wat die lys neem, bewe en in my oog biggel 'n traan. Die lys het £17.5.0 ingebring — die tweede hoogste van 120 lyste wat uitgegee was".[73]

Sy het die sendingtaak met oortuiging gedien en as sendingwerkster het sy besiel. Tog was sy 'n beskeie persoon wat maar min aangaande haar sendingwerk aan andere meegedeel het. Haar lewe was een van selfverloënende liefdesdiens ter wille van minderbevoorregte en onkundige mense. "Haar lewe dra 'n boodskap! Dis 'n Evangelieboodskap. Mag die Here van die oes meer sulke arbeiders/sters opwek en besiel en mag ons gehoorsaam wees soos sy, waar die sendingnood in ons ore klink", aldus eerw. Strydom se huldebetoon aan haar.[74]

Mej. Meyburgh was hooggeag en die gemeente het groot waardering vir haar dienste gehad. By meer as een geleentheid is daar ook aan haar dankbare erkenning verleen vir dit wat sy vir die gemeente beteken het. So is sy byvoorbeeld betrek by die oprigting van die nuwe kerksaal, die Ebenesersaal, wat langs die kerkgebou in Geardstraat geleë is. Op Saterdagmiddag 16 November 1929 het mej. Meyburgh, "die getroue en toegewyde werkster in hierdie gemeente", in teenwoordigheid van 'n belangstellende skare die hoeksteen van die nuwe saal gelê. Die oprigting van hierdie saal was vir die gemeente die verwesenliking van 'n lang gekoesterde ideaal. Mej.

71. Die Oosterlig, 1 Desember 1950.
72. Die Oosterlig, 6 Maart 1956.
73. Die Oosterlig, 6 Maart 1956.
74. Die Oosterlig, 6 Maart 1956.

Meyburgh het heel tereg in haar dagboek 16 November bestempel as "'n baie groot dag".

Treffende hulde is op Vrydagaand 2 Februarie 1940 aan mej. Meyburgh gebring by geleentheid van haar aftrede. Dit het die vorm aangeneem van 'n gemeentelike byeenkoms in die Ebenesersaal. Die saal was feitlik stampvol toe mej. Meyburgh onder handegeklap op die met blomme versierde verhoog plaasgeneem het. Sy is gehuldig as iemand wat haas onmisbaar in die gemeente geword het en as iemand wie se lewe 'n bron van inspirasie is. Haar organisasietalent, haar verbasende persoonlikheid, haar taaie volharding, haar toewyding en liefde is eweneens geroem. En myns insiens is heel gepas melding gemaak van die feit dat "mej. Meyburgh se lewe nie net vir die gemeentelede van Port Elizabeth 'n inspirasie is nie, maar ook vir die vroue van Suid-Afrika".[75]

By hierdie huldigingsgeleentheid is adresse en tjeks namens die Sondagskool, die MSA, die Strewersvereniging, die ACVV en die VSB gelees en aan mej. Meyburgh oorhandig, asook 'n geskenk van die biduursusters van Kensington. Mej. Meyburgh het onder toejuiging opgestaan en in haar dankwoord al die eer aan God gegee.

Mej. Meyburgh sou op 1 Desember 1950 die eregas gewees het by geleentheid van 'n huldigingsaand in die Ebenesersaal, wanneer nie alleen die Moedergemeente nie, maar ook die stadspredikante haar baanbrekerswerk op kerklike gebied in dankbare herinnering sou gebring het. Aangesien sy 'n paar dae vantevore siek geword het en nog steeds bedlêend was, is tasbare huldeblyke toe namens die kerkraad en die verskillende verenigings aan haar oorgebring aan haar woning in Geardstraat, skuinsoor die kerkgebou;

Die inwyding van die hernude kerkgebou het oor die naweek van 2—4 Mei 1952 plaasgevind. Op Sondagaand die 4de het mej. Meyburgh 'n brons gedenkplaat in die voorportaal onthul. Op hierdie gedenkplaat word in dankbare erkentlikheid hulde gebring aan die grondleggers en bouers van die gemeente, waaronder die leraars en al die kerkraadslede en gemeentelede wat van tyd tot tyd hul kragte, tyd en gawes gegee het. En op hierdie plaat word na mej. Meyburgh verwys as "een van die grondleggers en ywerigste bouers sedert 1900".

Mej. Meyburgh is op Sondagmiddag 26 Februarie 1956 na 'n lang en smartlike lyding in die ouderdom van 79 jaar en ses maande in haar huis oorlede. Dit was haar wens dat ds. G.W.S. Hofmeyr, eerste leraar van die Moedergemeente, haar sou begrawe. Haar begrafnis op Woensdagmiddag 29 Februarie was besonder groot en indrukwekkend. Sy is uit Moedergemeente begrawe en die begrafnisrede is deur ds. Hofmeyr gevoer na aanleiding van Markus 14 vers 8: "Wat sy kon, het sy gedoen". (Hierdie teksgedeelte is ook later op haar grafsteen gegraveer). Blank en Nie-Blank het in groot getalle in die Noordeinde-begraafplaas aangekom om die laaste eer aan haar te bewys.

Oor haar dood en begrafnis is geskryf: "Van haar kan met goeie reg gesê word: 'Mooi So — goeie en getroue diensmaagd van Jesus Christus' ... Haar graf is daar in die ou kerkhof, so tussen die mense wat sy liefgehad het — en sy het seker die woord uit die Meester se mond gehoor "Mooi So — "'.[76]

Wat haar begrafnis betref, het mej. Meyburgh versoek dat geen kranse gestuur word nie, maar dat die geld aan die kerkfonds geskenk word. Na aanleiding hiervan

75. Die Oosterlig, 5 Februarie 1940.
76. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P 49 1/2, p.50.

het eerw. J.L. Strydom in 'n huldeblyk geskryf: "Tannie Meyburgh het haar blomme gedurende haar lewe voor so vele gestrooi, maar self wou sy geen blomme, geen kransie op haar graf ontvang nie. Sy het gekom om te dien soos haar Meester, en sou nie gedien word nie. Tannie Meyburgh is sonder kransies Hemel toe — daar waar sy die onverwelklike kroon van heerlikheid sal ontvang".[77]

In die lig van die feit dat mej. Meyburgh by alles ook 'n sendingpionier was, was dit paslik dat onder die skare in die kerk en by die graf ook 'n evangelis van die N.G. Kerk teenwoordig was en was dit paslik dat 'n sendeling haar na die graf help dra het.

Die Moedergemeente het sy halfeeufees die naweek van 22 tot 24 November 1957 gevier. Dit was 'n feesgeleentheid waarna mej. Meyburgh baie uitgesien het. Maar dit was haar nie beskore nie. Op Sondagmiddag 24 November is daar 'n herdenkingsdiens ter ere van mej. Meyburgh gehou en net na die diens is 'n gedenknaald op haar graf onthul. Sedertdien het daar by paslike geleenthede ook kransleggings by haar graf plaasgevind.

Mej. Meyburgh se nagedagtenis is ook gehuldig en haar naam verewig deur die oprigting van 'n ouetehuis wat na haar vernoem is. Huis Louisa Meyburgh, geleë in Kabegapark, Port Elizabeth, is in Julie 1976 in gebruik geneem. Hierdie tehuis vir bejaardes is deur die Oos-Kaaplandse Behuisingsmaatskappy, die nutsmaatskappy van die N.G. Kerk, opgerig. En dit word beheer deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die N.G. Kerk in Oos-Kaapland. Dit is gebou vir 60 bejaardes, waarvan 40 verswakte bejaardes moet wees. Die tehuis is baie gewild en teen Maart 1978 was daar reeds 'n waglys van 180.[78]

In een van haar dagboeke is daar 'n klein blomblaartjie met die teksgedeelte "Wees getrou tot die dood" (Openbaring 2:10). Dit beeld haar hele lewe uit en moes vir haar dag na dag as aansporing gedien het.

'n Verslaggewer van *Die Oosterlig* het haar lewe so opgesom: "Alleen het sy die Afrikaners in die stad opgesoek, en bymekaar gebring en met haar persoonlikheid en vertroue op haar Meester vir die Kerk gehou en gered. Soos 'n engel van liefde het sy rondgegaan om 'n liefdesboodskap te verkondig. Dié gedagte pak 'n mens beet en dan wonder jy hoeveel mense daar nog is wat soveel goed gedoen het en so onselfsugtig geleef het".[79] Daarom is van haar gesê: "Vir die Afrikaner in die stad was sy 'n vriendin, 'n moeder, 'n Engel van die Lig".[80]

As 'n mens mej. Meyburgh se monument in Port Elizabeth soek, moet jy net rondom jou kyk — haar monumente is dwarsdeur die stad. Daar is min ander persone wat die stadsafrikaner se lief en leed so intiem meegemaak het as juis mej. Meyburgh. "Ons dank God dat Hy aan die Afrikaner in die stad in sy donkerste tye 'n Louisa Meyburgh gegun het om sy moeder en leraar te wees".[81] Mej. Meyburgh se offerdiens het ewigheidswaarde, omdat sy haarself volledig gegee het. "Sy was selfloos en het selflose diens gelewer. Sy was 'n juweel", aldus dr. W.A. Landman.[82]

Tydens 'n sustersbiduur was mej. Meyburgh se stille gebed eenkeer: "Here, help my om so te leef dat daar tog ook iets sal wees wat nog voortleef en tot seën kan wees vir andere".[83] Haar diepgevoelde versugting is vervul, want sy was reeds in haar eie leeftyd 'n legende. En vanweë die rare kwaliteit van haar lewe sal sy vir altyd voortleef.

77. Die Oosterlig, 6 Maart 1956.
78. Inligting verstrek deur mnr. T. Barnard, Sekretaris Inrigtingsorg, Diens van Barmhartigheid van die N.G. Kerk in Oos-Kaapland.
79. Die Oosterlig, 18 Februarie 1938.
80. Mej. L. Meyburgh — Lewensverhaal 1876—1956, P 49 1/2, p.44.
81. N.G. Moedergemeente Port Elizabeth, Maandbrief, Maart 1956.
82. Persoonlike onderhoud gevoer op 23 Junie 1978.
83. Mej. L. Meyburgh — Dagboek, 19 Oktober 1937, P 49 1/1 (e).